# FAMILIE

G I D S

# FAMILIE

G I D S

Gepubliseer deur
Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae
Salt Lake City, Utah

© 2008 deur Intellectual Reserve, Inc.
Alle Regte Voorbehou
Gepubliseer in die Vereenigde State van Amerika

Engelse goedkeuring: 2/06
Vertaling goedkeuring: 6/08
Vertaling van *Family Guidebook*
Afrikaans

# Inhoud


| | |
|---|---|
| "Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld" | iv |
| Organisasie en Doel van die Familie | 1 |
| Die Onderig van die Evangelie in die Tuiste | 4 |
| Vervulling van Familie Verantwoordelikheid | 12 |
| Leierskap Opleiding | 16 |
| Die Hou van Eredienste by die Huis (Vir Families wat in Geïsoleerde Gebiede Woon) | 17 |
| Priesterskap Ordinansies en Seëninge | 19 |
| Verkryging en Opsporing van Kerk Materiaal en Familie Geskiedenis Informasie | 28 |

# “Die Familie: ’n Proklamasie aan die Wêreld”

Die Eerste Presidensie en die Korum van die Twaalf Apostels het in 1995 “Die Familie: ’n Proklamasie aan die Wêreld” uit gereik. Hierdie proklamasie is ’n deklarasie en ’n herbevestiging van die geloofsleer en beginsels wat regdeur die geskiedenis van die Kerk herhaaldelik deur profete gestaaf is. Dit bevat beginsels wat van kardinale belang is tot die geluk en welsyn van elke familie. Familie lede behoort die proklamasie te bestudeer, en volgens die voorskrifte daarin lewe.

---

“Ons, die Eerste Presidensie en die Raad van die Twaalf Apostels van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van Laaste Dae, verkondig plegtig dat die huwelik tussen ’n man en ’n vrou ’n instelling van God is, en dat die familie sentraal is tot Die Skepper se plan vir die ewigdurende bestemming van Sy kinders.

“Alle menslike wesens … manlik en vroulik … is in God se ewebeeld geskape. Elkeen is ’n geestes Seun of dogter van hemelse ouers, en, as sulks, het elkeen ’n goddelike geaardheid en bestemming. Geslag is ’n issensiële kenmerk van individuele vooraardse, aardse en ewige identiteit en doeleinde.

“In die vooraardse ryk het geestes Seuns en dogters God geken, en Hom as die Ewige Vader aanbid, en Sy plan aanvaar waardeur Sy kinders fisiese liggame kan verkry en ’n aardse ondervinding kan ervaar om sodoende vordering te maak, nader aan volmaakdheid en om uiteindelik hul goddelike bestemming te realiseer as ’n erfgenaam van ewige lewe. Die goddelike geluks-plan maak dit moontlik vir familie bande om voort te bestaan na die dood. Individuee kan terugkeer tot God se teenwoordigheid, en families kan vir ewig verenig word deur heilige ordinansies en verbonde wat in heilige tempels beskikbaar is.

“Die eerste gebod wat God aan Adam en Eva gegee het, hou verband met hulle potensiaal om as man en vrou, ouers te wees. Ons verklaar dat God se gebod om te vermeerder en die aarde te vul nog steeds van krag is. Ons verklaar vêrder dat God ’n gebod gegee het dat hierdie voortplantingsmag net gebruik mag word deur ’n man en ’n vrou wat wetlik in die huwelik getreë het.

“Ons verklaar dat die vermoeë om sterflike lewe te skep ’n godgegewe reg is. Ons bevestig die heiligheid van lewe en van die belangrikheid daarvan in God se ewigdurende plan.

“Egpare het ’n plegtige verantwoordelikheid om mekaar en hul kinders lief te hê, en te versorg. “Kinders is ’n erfenis van die Heer” (Psalm 127 v 3). Ouers het ’n heilige verantwoordelikheid om hul kinders in liefde en opregtheid groot te maak, om na hulle fisiese en geestelike welsyn om te sien,

om hulle te leer om mekaar lief te hê en te dien, om die gebooie van God te onderhou en om burgers te wees waar hulle ook mag leef. Egpare – moeders en vaders – sal voor God verantwoordelik gehou word vir die ontheffing van hierdie plig.

"Die familie is 'n instelling van God. Huwelik tussen 'n man en 'n vrou is onontbeerlik tot Sy ewige plan. Kinders is geregtig om binne die huweliksverband gebore te word, en om deur 'n vader en moeder, wat hulle huwelik verbond met volle getrouheid na kom, groot gemaak te word. Wanneer familie bande op die leerstellings van Jesus Christus gebou word, is dit meer waarskynlik dat hul familie lewe gelukkig sal wees. Suksevolle families word daar gestel en behou deur beginsels van geloof, gebed, bekering, vergifnis, respek, liefde, ontverming, werk en opbouende tydverdryf. Vaders moet, volgens goddelike ontwerp aan die hoof van hulle families staan, en in liefde en regverdigheid heers, en is verantwoordelik om aan hul lewens behoeftes te voorsien en beskerming te verleen. Moeders is hoofsaaklik verantwoordelik vir die versorging van hul kinders. Vaders en moeders word verplig om mekaar as gelykstaandes te help in die uitvoering van hierdie pligte. Individueële aanpassing mag benodig word in sekere omstandighede. Aanvullende bystand moet deur naasbestaandes geskenk word soos wat benodig word.

"Ons waarsku dat individueë wat verbonde van kuisheid verbreek, wat hul eggenoot of nasate mishandel, of wat nalaat om hul familie verantwoordelikhede na te kom, sal eendag verantwoording moet doen voor God. Ons waarsku vêrder dat die verbrokkeling van die familie sal die onheil wat deur eertydse en moderne profete voorspel is, op individieë, gemeenskappe en nasies neerbring.

"Ons doen beroep op verantwoordelike burgers en ampsdraers oral om hierdie maatreëls wat ontwerp is om familie bande te onderhou en te versterk as die basiese eenheid van die samelewing, te bevorder." (*Ensign*, Nov. 1995, 102).

# Organisasie en Doel van die Familie



## Organisasie

"Die familie is heilig in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae en is die belangrikste eenheid in tyd en alle ewigheid. Families is deur God daar gestel om geluk aan Sy kinders te bring, en om hulle in staat te stel om korrekte beginsels in 'n liefdevolle atmosfeer te leer, en om hulle voor te berei vir ewige lewe.



"Die tuiste is die beste plek om te onderrig, te leer, en om die evangeliese beginsels toe te pas. Dit is waar individuee leer om hulself te voorsien van kos, klere, beskutting, en ander noodsaaklikhede wat hulle benodig. Vader en moeder, moet as eweknie, elke familielid help om:

- Die waarheid uit te soek en geloof in God te ontwikkel.
- Van hul sondes te bekeer, gedoop te word vir die vergifnis van sondes, en om 'n lid te word van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, en om die Heilige Gees te ontvang.

- Om die gebooie van God te onderhou, die skriftiere ywerig te studeer, gereelde families en persoonlike gebed op te lewer, en om ander te dien
- Om die evangelie met ander te deel.
- Om begaafd te word en met ’n waardige eggenoot in die tempel te trou, vir tyd en alle ewigheid, om ’n gelukkige tuiste te skep vir die familie, en om die familie deur liefde en opoffering te onderhou.



- Om informasie aangaande afgestorwe voorouers na te spoor en om tempel ordinansies namens hulle te doen.



- Voorsien die voeding wat nodig is vir geestelike, sosiale, fisiese, en emosionele welstand.

Die vader is die hoof van die familie en is verantwoordelik om die kinders te leer en om vir die familie al hul behoeftes te voorsien. ’n Waardige en paslike vader in die kerk het die geleentheid om die priesterskap te ontvang, wat die magtiging en gesag is om in die naam van God op te tree.

Die vader behoort aan al die geestelike behoeftes van sy familie te voorsien. Hy moet toesien dat hulle die evangelie van Jesus Christus geleer word en behoort alles in sy vermoë te doen om hulle aan te moedig om gehoorsaam te wees aan die gebooie van die Here.

’n Vader wat ’n priesterskaphouer is, kan sy familie seën en aan hulle geestelike behoeftes voldoen. Deur die gesag van die geskikte priesterskap (en met die magtiging van die vader se priesterskap leier), kan die vader:

1. Sy kinders ’n naam en seëning gee.
2. Sy kinders (en ander) doop.
3. Sy kinders (en ander) as lede van die Kerk bevestig en die Heilige Gees aan hulle verleen.
4. Die priesterskap aan sy Seuns (en ander) verleen en hulle tot verskillende ampe in die priesterskap verorden.
5. Die nagmaal seën en aangee.
6. Grafte toewy.

’n Vader wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, kan sonder die magtiging van sy priesterskap leier olie ter syde sit, en lede van sy familie,

en ander, seën wanneer hulle siek is en op ander tye soos wat die geleentheid hom voordoen. (Sien bladsye 19–27 hierdie gids vir instruksies om priesterskap seëninge en ordinansies te verrig.)

Die vader moet sien dat sy familie aktief betrokke is in die volgende basiese verantwoordelikhede:

1. Persoonlike en familie geestelike en fisiese gereedheid.
2. Verkondiging van die evangelie
3. Familie geskiedenis en tempel ordinansies vir die lewendes en die dodes.

Die moeder is 'n eweknie en raadgewer tot haar man. Sy help hom om hul kinders die wette van God te leer. As daar geen vader in die familie is nie, neem die moeder die leiding.

Die egpaar moet vereenigd wees in hul doeleindes. Hulle doelwit behoort te wees om al die lede van hul familie voor te berei om terug te keer na hul Hemelse Vader. Hulle moet vereenigd wees terwyl hulle na hierdie doelwit werk. Die Here het die Kerk daar gestel om vaders en moeders te help om hul families te leer en vir hulle te sorg.

Wanneer kinders in die familie inkom moet ouers hulle liefhê, hul die waarhede van die evangelie leer, en goeie voorbeelde wees van 'n opregte lewe. Kinders moet die gebooie van God aanleer en onderhou. Hulle moet hul ouers eer, en gehoorsaam wees.

Die krag van die Kerk lê in families en individueë wat die evangelie van Jesus Christus leef. Die mate waartoe 'n familie die seëninge van die evangelie geniet, hang hoofsaaklik af van hoe goed hulle vaders en moeders die basiese pligte verstaan, en as ouers uitvoer. Die Kerk bedoel nooit om programe en verantwoordelikhede aan vaders en moeders te gee wat hulle sal oorweldig of ontmoedig nie, en wat sal veroorsaak dat hulle hierdie basiese pligte versuim nie.

## Doel

Omdat ons Hemelse Vader ons lief het, wil Hy ook hê dat ons verheerlik word soos wat Hy is. Om ons te help, het Hy vir ons 'n plan gegee wat gebasseer is op goddelike wette van waarheid. Dié gene wat van hierdie plan leer en dit getrou volg, kan eendag soos ons Vader in die Hemel word en die tipe lewe geniet wat Hy leef.

'n Deel van hierdie plan was vir ons om die Hemel te verlaat en na hierdie aarde te kom. Hier ontvang ons 'n fisiese liggaam, leer deur ondervinding, en bewys dat ons waardig is om weer in God se teenwoordigheid te leef. Ons bewys dat ons waardig is, deur vrylik te kies om Sy wette te onderhou. (Sien Abraham 3:23–25; 2 Nefi 2:27).

Om ons te help om ons voor te berei vir ons lewe saam met Hom, het ons Hemelse Vader ons in families georganiseer. Deur heilige Ordinansies en verbonde, kan ons families verewig vereenigd word.

# Die Onderig van die Evangelie in die Tuiste



## Onderig Kinders met Goedhartigheid en Liefde

Die Here het 'n verbod aan ouers gegee om die evangelie aan hulle kinders te leer. Hy het gesê:

"Dan weer, Indien ouers wat kinders in Sion het, of enige van sy ringe wat georganiseer is, hulle nie onderig in die leer van bekering, geloof in Christus, die Seun van die Lewende God, en van die doop en die gawe van die Heilige Gees deur die oplegging van hande wanneer hulle agt jaar oud is nie, laat die sonde op die hoofde van die ouers wees.

"Want dit moet 'n wet wees vir die inwoners van Sion, of enige van sy ringe wat georganiseer is.

"En hulle kinders moet gedoop word vir die vergifnis van hulle sondes wanneer hulle agt jaar oud is, en die oplegging van hande ontvang.

"En hulle moet ook hulle kinders leer om te bid, en opreg te wandel voor die Here" (L.&V. 68:25–28).

Ouers behoort hulle kinders in goedhartigheid en liefde te leer, en moet altyd die Apostel Paulus se raad onthou om „hulle kinders groot te maak in die aankweking en die teregwysing van die Here" (Efesiërs 6:4).

## Familie Skriftuur Studie

Ons kan nét soos ons Hemelse Vader word en die tipe lewe geniet wat Hy lewe, as ons die wette onderhou

waarvolgens dié seëninge vasgestel is. (Sien L.&V. 130:20–21). Maar, voordat ons volgens hierdie wette kan lewe moet ons weet wat hulle is. "Dit is onmoontlik dat 'n mens in onkunde gered kan word (L.&V. 131:6).

Jesus Christus is ons leier en ons wetgewer. Hy ken die weg, en die wette wat ons moet onderhou, en Hy het elkeen van ons uitgenooi om Hom te volg. Hy het gesê: "Ek is die weg, die waarheid, en die lewe. Niemand kom tot die Vader, behalwe deur My nie" (Johannes 14:6). Om soos ons Hemelse Vader te word, en na Hom toe terug te keer, moet ons die leerstellinge van Jesus leer, en dit navolg. Ons het die skrifture om ons te help om meer te leer van die lewe, die leerstellinge en die gebooie van Jesus Christus.

Die vier boeke wat die Kerk aanvaar as skrifture is die Bybel, die Boek van Mormon, Die Leer en Verbonde, en Die Baie Kosbare Pêrel. Hulle verduidelik die wette van die evangelie en die standaarde waarvolgens ons ons denke, aksies en leerstellings kan meet. Hulle help ons om meer te leer van die lewe en die leerstellings van Jesus Christus, en is vol voorbeelde van mense wat geloof in God uit geoefen het, en Sy gebooie onderhou het.

Jesus het ons geleer om die skrifture te bestudeer en na te speur (Sien Johannes 5:39; 3 Nefi 23:1; L.&V. 88:118).

Families moet gereeld die skrifture saam bestudeer, om die leerstellings van die Here te leer en na te volg. Ouers behoort hulle kinders op 'n gereëlde tyd bymekaar te roep om die skrifture te lees en te bespreek. Elke lid van die familie wat kan lees, moet 'n geleentheid kry om vanuit die skrifture te lees.



'n Familielid mag 'n gebed opoffer voordat skriflesing begin, en Hemelse Vader vra om elkeen te seën om te verstaan wat gelees gaan word en om 'n getuienis van die waarheid daarvan te ontvang. Families kan dan dalk hulle familie-gebede na skriflesing hou.

Soos wat families die skrifture lees en daaroor nadink, sal hulle meer soos ons Verlosser wil word, en sal hulle groter geluk en vrede in hul lewens vind.

## Persoonlike en Familie Gebede

Elkeen van ons moet leer om ons Hemelse Vader in gebed te nader. Hy wil hê dat ons ons dank moet uitspreek vir al die seëninge wat ons ontvang en Sy hulp en leiding aanvra. Hy sal ons help wanneer ons Hom om hulp vra. Die meeste van ons gebede word met geboeë hoofde

gelewer met ons oë toe, terwyl ons kniel, sit of staan.

Ons moet vier baie belangrike beginsels onthou, wanneer ons bid:

1. Ons begin ons gebede deur ons Hemelse Vader aan te spreek: "Ons Hemelse Vader …"
2. Ons spreek ons dank teenoor ons Hemelse Vader uit vir alles wat Hy aan ons gee: "Ons dank U …"
3. Ons vra Hom vir Sy hulp: "Ons vra U …"
4. Ons sluit ons gebed af in die naam van die Verlosser: "In die Naam van Jesus Christus, Amen."

Wanner ons bid, hoef ons gebede nie altyd ál vier stappe te volg nie, maar deur hulle in gedagte te hou, sal dit ons help om te leer hoe om te bid.



**Individuele Gebede**

Elke persoon behoort ten minste elke dag, soggens en saans, afsonderlik te bid. Ouers behoort hulle kinders te leer om hul eie gebede te sê sodra hulle begin praat. Ouers kan kinders leer om te bid deur saam met hulle te kniel en dan te vra dat die kind elke sin herhaal wat die ouers sê. Kinders sal baie gou hul eie gebede kan oplewer.

**Familie Gebede**



Elke familie behoort daagliks saam te bid. Die hele familie kniel saam, en die hoof van die gesin lewer dan die gebed, óf vra een van die ander lede van die familie om die gebed namens almal op te lewer.Elke persoon moet 'n gereëlde kans kry om die gebed te lewer. Kleuters kan ook 'n kansie kry, terwyl een van die ouers hul help. Familie tyd is 'n uitstekende geleentheid om kinders te leer hoe om te bid en om beginsels soos geloof in God, nederigheid en liefde te leer.

**Spesiale Gebede**

Ouers behoort hulle kinders te leer dat God altyd gereed staan om hulle gebede aan te hoor. Bo en behalwe hul gereelde familie en persoonlike gebede, kan hulle enige tyd bid en God om hulp vra, óf net om hulle dank uit te spreek.

**Seëning op Kos**



Ouers behoort hulle kinders te leer om hulle dank teenoor God uit te spreek vir die voedsel wat hulle ontvang en Hom vra om dit te seën voordat hulle dit eet. Elke persoon, insluitende kleuters, moet beurte maak om 'n seëning uit te spreek oor die kos. Deur 'n gebed te lewer waarin ons 'n seëning aanvra oor die voedsel, leer familie lede om dankbaar te wees teenoor ons Hemelse Vader.

## Familie Tuiste Aand

Familie tuiste aand is vir almal, pas getroudes, vaders en moeders met kinders, ouers met geen kinders in die huis nie, enkel volwassenes in tuiste aand groepe, en dié wat alleen bly óf met kamermaats. Elkeen, ondanks hulle omstandighede, sal geseën word deur familie tuiste aand te hou. Die Kerk hou Maandag aande oop van enige aktiwiteite sodat families saam kan wees vir die familie tuiste aand.



Die Eerste Presidensie het gesê: "Ons belowe jul grootseëninge as julle die Here se raad sal volg en gereelde familie tuiste aande sal hou. Ons bid voortdurend dat ouers in die Kerk hulle verantwoordelikheid sal aanvaar om die evangeliese beginsels aan hul kinders te leer en 'n voorbeeldige lewe te lei. Mag God u seën dat u hierdie verantwoordelikheid met ywer aanpak." („Message from the First Presidency", Family Home Evening Resource Book [1983], iv).

As aartsvader (patriarch) van sy familie, neem die vader die leiding in familie tuiste aand. In die afwesigheid van 'n vader, neem die moeder die leiding. Ouers bestuur, of benoem een van die familielede om die familie tuiste aand te bestuur. Hulle gee die les óf delegeer die onderrig aan een van die kinders wat oud genoeg is om 'n les te gee. Elkeen wat oud genoeg is behoort 'n geleentheid te kry om deel te neem. Jonger kinders kan deel

neem deur die musiek te lei, skrifture aan te haal, vrae te antwoord, prente vas te hou,verversings uit te deel en gebede te lewer.

Hier volg 'n uitleg vir 'n tipiese familie tuiste aand:

- Openings lied (deur die familie)
- Openings gebed (deur 'n familielid)
- Gedig óf skriflesing (deur 'n familielid)
- Les (deur vader, moeder óf ouer kind)
- Aktiwiteit (gelei deur 'n familielid, en met die hele gesin wat deelneem)
- Sluitings lied (deur die familie)
- Sluitings gebed (deur 'n familielid)
- Verversings

'n Familie kan tuiste aand in 'n magdom ander maniere hou. Enige aktiwiteit wat die familie nader aan ons Hemelse vader laat trek, nader aan mekaar laat kom, hul liefde vir mekaar versterk, en hulle aanmoedig om 'n regverdige lewe te lei, kan as 'n familie tuiste aand kwalifiseer. Om 'n skriflesing te hou, die evangelie te bespreek, geloofs-getuienis met mekaar te deel, om 'n diens-projek aan te pak, saam te sing, 'n piekniek, familie kaskenades, en 'n voetslaan uitstappie is 'n paar voorbeelde van sulke aktiwiteite. Alle familie tuiste aande moet 'n gebed insluit.

Familie tuiste aand lesse kan gebasseer word op die skrifture; woorde van die hedendaagse profete, spesifieke algemene konferensie toesprake; en persoonlike ondervindinge en getuienisse. Baie van die lesse moet gebasseer wees op die geboorte, lewe, leerstellings en Soendood van die Verlosser. Gospel Principles, Gospel Fundamentals, True to the Faith, For the Strength of Youth, en Kerk tydskrifte bevat artikels en ander informasie aangaande menigde onderwerpe wat deel kan uit maak van familie tuiste aand lesse.

Voorgestelde onderwerpe vir bespreking tydens tuiste aande volg:

- Die Plan van Saligheid
- Die lewe en leerstellings van Jesus
- Bekering
- Gebed
- Die vas
- Die Woord van Wysheid (L.&V. 89)
- Die Here se moraliteits standaarde
- Die betekenis van die nagmaal
- Tiendes
- Dankbaarheid
- Eerlikheid
- Eerbied vir God, en respek vir Sy Skepping
- Voorbereiding vir die doop, priesterskap ordinansie, óf troue
- Voorbereiding om in die tempel in te gaan
- Skriflesing

- Sabbat Heiliging
- Vergifnis toon aan ander
- Hoe om ’n geloofs getuie te ontvang, en jou oortuiging met ander te deel
- Deel die evangelie met ander
- Kompilasie van ’n familie geskiedenis
- Verstaan en aanvaar die dood
- Oplos van familie probleme
- Die bestuur van familie finansies
- Deel familie huiswerk
- Geniet en waardeer musiek

## Vakansie Dae en Spesiale Geleenthede

Vakansie dae en spesiale geleenthede, soos Kersfees, Paasfees, die herdenking van die restorasie van die priesterskap, konferensies, die afskeid van ’n familielid wat op sending gaan; of die geboorte, doop, óf verordineering.

## Tiendes en Offerandes



Die Here het ’n gebot aan Sy volk gegee om die wet van die tiende te lewe en om waardig te wees om die beloofde seëninge te ontvang (Sien Maleagi 3:8–11).

Wanneer ouers hulle eie tiendes en offerandes betaal, is dit ’n uitstekende geleentheid om hierdie beginsels aan hul kinders te leer. Kinders word sterk beïnvloed deur wat hulle hul ouers sien doen. Kinders wat sakgeld ontvang behoort ’n tiende daarop te betaal. Elke kind kan drie spaarblikke hê: een vir tiendes, een vir sending en een vir sakgeld. Elke keer wanneer kinders sakgeld ontvang, moet hulle leer om ’n tiende in die tiende blikkie te sit, ’n gedeelte in die sending blikkie te sit, en die res in die sakgeld blikkie.

Wanneer kinders hul tiendes betaal, moet ouers hulle leer om ’n tiende kwitansie strokie in te vul, hul tiendes in die koevert te sit, saam met die strokie, en die koevert aan ’n lid van die bisdom of tak presidensie te gee, óf na hulle toe aan te stuur. Families wat in ’n geïsoleerde plekkie woon, moet die koeverte aan hulle vasgestelde priesterskaps leier gee.

## Maaltyd Besprekings

Maaltye kan ’n wonderlike geleentheid wees om oor die evangelie te gesêls. Kleuters en klein kinders hou daarvan om vrae te vra oor, en om antwoorde te gee aangaande die evangelie as hulle (die kinders) nie die antwoorde ken nie, kan die ouers ’n kort antwoord gee en sodoende hulle

onderrig in die evangelie. Elke maaltyd hoef nie 'n bespreking oor die evangelie te hê nie, maar as dit so twee, óf drie maal 'n week plaas vind, kan dit die familie help om die evangelie te leer.

## Slaaptyd Stories

Omdat die meeste kinders slaaptyd stories geniet, is dit 'n fantastiese tyd om die evangelie aan kinders te leer deur stories uit die skrifture te lees, óf te vertel, uit kerk publikasies te lees, óf persoonlike ondervinding. Stories wat vertel van eerlikheid, deelsamigheid, en goedhartigheid leer belangrike evangeliese beginsels.

## Werk Saam



Wanneer families saamwerk in, en om die huis, sal talle geleenthede hulself voordoen om evengeliese beginsels aan die kinders te leer. Terwyl die huis en die werf, of tuin skoongemaak word, moet ouers op hul hoede wees vir geleenthede om die evangelie te bespreek. Kinders sal gereeld vrae vra. Ouers moet altyd 'n tydjie afknip om 'n eenvoudige antwoord te gee. Opmerkings soos: "Jy is so 'n goeie werker. Ons Hemelse Vader is só trots op jou", of "Kyk hoe pragtig is die wolke wat ons Hemelse Vader vir ons geskape het", sal vir kinders 'n gevoel van dankbaarheid gee teenoor ons Hemelse Vader en vir hulle 'n versekering gee dat Hy werklik bestaan.

## Familie Rade



Ouers kan hul kinders bymekaar roep om 'n familie raad, of vergadering te hou. Tydens hierdie raad kan families doelwitte stel, probleme oplos, finansies bespreek, planne beraam, mekaar bystaan en versterk, geloofs getuienis lewer, en vir mekaar bid. 'n Raad kan enige tyd gehou word. Ouers kan dalk elke Sondag 'n raad hou, óf tydens familie tuiste aand. Respek vir mekaar se opinies sal bydra tot die sukses van 'n familie raad.

## Private Onderhoude

Baie ouers vind dat hulle deur private onderhoude, baie sterk bande met hulle kinders kan vorm, hulle kan aanmoedig, en die evangelie met hulle kan deel. Hierdie onderhoude kan óf formeel óf informeel plaasvind, en só gereeld soos wat dit nodig is.



Ouers moet hulle liefde en vertroue uitspreek teenoor hulle kinders, en hul kinders die geleentheid gee om oor enige onderwerp te gesêls, enige probleme te bespreek óf oor enige ondervinding uit te brei. Die ouer moet baie noukeurig luister en moet hul kinders se probleme, en hul sekerheid ernstig opneem. Die ouer en kind wil dalk ook saam bid tydens hierdie onderhoude. Probleme wat opduik, wat betreking het tot ander lede van die familie, kan in die volgende familie tuiste aand uitgestruik word.

## Familie Aktiwiteite

Ouers behoort gereeld aktiwiteite te beplan wat die hele familie betrek. Piekniek, uitkamp, familie projekte, huis en werf werk, saam swem, voetslaan, en 'n goeie fliek óf ander vermaaklikheid, is net 'n paar van die talryke aktiwiteite wat families saam kan geniet.

'n Familie wat aktiwiteite saam geniet, sal 'n groter liefde, en harmonie ervaar. Kinders sal meer geneig wees om na hul ouers te luister en hul advies te volg as hulle ná aan hulle voel. Ouers sal dan die evangelie meer effektief kan onderrig.



# Vervulling van Familie Verantwoordelikheid



Die missie van die Here se Kerk is om alle mense te help om na Christus te kom. Families kan help om hierdie missie te weeg te bring deur:

1. Na hulle eie geestelike en fisiese welsyn om te sien en om aan die behoeftes van ander te voldoen.
2. Die evangelie met ander te deel.
3. Toesien dat familielede tempel ordinansies ontvang, en help om die seëninge te voorsien aan hulle voorouers, wat al afgesterwe het.

## Geestelike en Fiesiese Behoeftes

### Geestelike Behoeftes

Die vorige gedeelte van hierdie gids, "Die Onderrig van die Evangelie in die Tuiste", bevat informasie oor hoe families vir hul geestelike behoeftes kan voorsien.

### Fisiese Behoeftes

Families moet selfstandig word sodat hulle na hulle eie fisiese behoeftes kan omsien, en ander kan help. Om self-standig te word moet families bereid wees om te werk. Werk bestaan uit fisiese, verstandelike en geestelikke inspanning. Dit is 'n bron van vervul-ling, geluk, en goeie selfbeeld en

voorspoed. Ouers moet strewe om selfstandig te wees, en moet hul kinders help om eweneens te wees. Deur selfstandig te wees, sal hulle in staat stel om ander te help wat behoeftig is.

Dit is ’n vader se verantwoordelikheid om die noodsaaklikhede van die lewe, en beskerming aan sy familie te verskaf. Moeders is hoofsaaklik verantwoordelik vir die opvoeding van haar kinders. Ouers moet toesien dat hulle familie ’n skoon huis, gesonde kos, klere, mediese en tandheelkundige sorg, opvoedkundige geleenthede en finansiële bestuurs-opvoeding het, en, indien moontlik, moet hulle geleer word om hulle eie kos te groei. Ouers moet ook hul kinders leer hoe om hul eie kos voor te berei en hoe om dit te bewaar, vir latere gebruik.

Ouers moet bereid wees om hard te werk om hierdie fisiese behoeftes te voorsien. “En julle sal nie toelaat dat julle kinders honger ly, of naak is nie” (Mosia 4:14). Ouers behoort te beplan, en voor te berei, vir familie behoeftes in tye van siekte, rampspoed, werkloosheid, óf ander moeilikhede. Indien die vader dit moeilik vind om die noodsaklikhede van die lewe vir sy familie te voorsien, en as geen van die ander familielede kan help nie, kan hy sy priesterskap leiers vir bystand nader.

Kinders kan help met die verkryging van die fisiese noodsaklikhede deur hulle ouers met hul werk te help, deur hard te werk in hul skoolwerk, deur goed na hulle klere en ander besittings te kyk, deur hulself en hul huis skoon en netjies te hou, en om hulself gesond te hou.

Lede van die familie behoort hulle bekwaamheid ten opsigte van hul lees, skryfkuns en basiese wiskunde op te knap, en behoort elke geleentheid aan te gryp om hulle kennis te verbeter, en hulle vaardighede te verskerp. Hulle moet die Woord van Wysheid gehoorsaam en gesonde kosse eet. Waar ookal moontlik, moet families een jaar se voorraad stoor, of so veel as moontlik, van alle basiese items wat nodig is om lewe te onderhou. Familielede behoort onnodige skuld te vermy, vir die toekoms spaar, al hulle verpligtinge nakom, hul hulpbronne met wysheid gebruik en vermorsing voorkom.

Ouers behoort hulle kinders te leer om hulle goed met ander te deel. Amper almal kan iets gee, al het hulle net ’n bietjie om te gee. Een manier om te help is om elke maand te vas en dan vas-offerandes by te dra, wat dan gebruik word om dié wat sonder kos is, te voed, skeilplek vir die haweloses te gee, om die naaktes te beklee en om verligting aan te bied vir die getuisterdes. Ons betoon ons liefde vir die Here wanneer ons ons medemens help. Hy het gesê: “Insover as wat julle dit aan die minste van hierdie, my broeders, gedoen het, het julle dit aan My gedoen” (Mattheüs 25:40).

## Verkondig die Evangelie



Die Here, het deur Sy profete van die latere dae, geleer dat dit elke lid se verantwoordelikheid is om die evangelie te verkondig. “En dit betaam elkeen wat gewaarsku is, om ook sy naaste te waarsku” (L.&V. 88:81). Alma, ’n profeet in die Boek van Mormon, het verduidelik dat wanneer ons gedoop word, behoort ons gewillig te wees “om as getuies van God (te staan) te alle tye, en in alle dinge, en op alle plekke” (Mosia 18:9).

Familielede behoort alles in hulle vermoë te doen om hul bloedverwante, vriende, en bure omtrent die evangelie van Jesus Christus te leer, en die seëninge wat dit in hulle lewens kan inbring. Deur die evangelie te verkondig, kan ouers en kinders hul eie geloofsgetuienis versterk en die seëninge van die evangelie aan ander bring. Families kan:

- Goeie voorbeelde stel deur aan die gebooie gehoorsaam te wees (Sien Mattheüs 5:16).
- Dankbaar wees vir hul lidmaatskap in die Kerk (sien Romeine 1:16) en ander laat weet dat hulle lede is.
- Hul kenisse vra of hulle meer wil weet omtrent die Kerk.
- Die Here vra om hulle te help om ’n familie te kies wat gereed is om die evangelie te aanvaar.
- Die familie, óf individu, in die een of ander manier aan die Kerk bloodstel, soos deur hulle uit te nooi om ’n familie tuiste aand, ’n Kerk diens, óf ’n Kerk aktiwiteit by te woon, hulle Kerk literatuur gee om te lees, óf om met hulle te praat oor die seëninge van die evangelie.
- Die familie, óf individu, uit te nooi om deur die sendelinge in hulle (die lede) huis geleer te word.

Ouers het die verantwoordelikheid om hulself en hul kinders voor te berei om voltydse sendinge te vul. Om kinders voor te berei, veral Seuns, behoort ouers die evangelie in die huis aan hulle kinders te leer, gereëlde persoonlike en familie skriflesing te doen, en gebed te lewer, en gereeld te praat oor die verantwoordelikheid en seëninge wat voorlê as die evangelie met ander gedeel word. Hulle kan hul families leer om geld te spaar vir hul sending, hard te werk, om selfstandig te wees, en om ander te dien en lief te hê.

## Tempel Ordinansies vir die Lewende en die Dode



Waardige Kerk lidmate ontvang heilige ordinansies in tempels, en treë daar in verbonde met God. Hulle neem ook deel in ordinansie-werk vir hulle afgestorwe voorouers. Waar moontlik behoort die vader en die moeder elk hul eie tempel rekommendasie te onvang vanaf hul priesterskap leiers en na ’n tempel gaan waar hulle hul eie tempel-ordinansies sal ontvang. As hulle nie na ’n tempel kan gaan nie, moet hull waardig lewe om te kwalifiseer vir ’n tempel rekommendasie.

Families het die heilige verantwoordelikheid om te verseker dat die tempelordinansies gedoen word vir hulle voorouers wat al afgesterwe het sonder om dit te ontvang. Kerk lidmate wat alreeds hierdie ordinansies vir hulself ontvang het, moet soveel kere as wat tyd, middele, en tempel beskikbaarheid hulle sou toelaat, terugkeer na die tempel om hierdie ordinansies vir hulle voorouers te doen.

Vaders en moeders behoort geskrewe rekords te versamel van belangrike gebeurtenisse in hulle lewe en in die lewens van hul kinders, insluitende sertifikate van seëninge , dope, ordinansies, troues en doods-sertifikate; belangrike briewe; fotos; koerant uitknipsels; en soortgelyke items. Hulle behoort hulle eie persoonlike geskiedenis saam te stel en elke familielid aanmoedig om ook ’n persoonlike geskiedenis saam te stel. Hulle behoort ook jonger kinders te help om hul eie geskiedenis saam te stel.

Families behoort informasie omtrent hul eie voorouers te versamel en dit saambring en ’n familie geskiedenis saamstel. Hulle moet begin deur soveel moontlike informasie saam te stel oor hul vier mees onlangse generasies.

# Leierskap Opleiding



Onder die direksie van die ring, sending, of distrik leiers behoort priesterskap en hulptroepleiers ouers te help om die drie basiese verantwoordelikhede te verstaan (sien bladsye 12–15) en uit te voer. Leiers behoort vaders en moeders te leer hoe om hul families te lei. Indien ’n familie in ’n geïsoleerde plekkie bly, behoort die ring, sending of distrik leiers toe te sien dat die ouers leer hoe om hulle verantwoordelikhede na te kom.

# Die Hou van Eredienste By die Huis (Vir Families wat in Geïsoleerde Gebiede Woon)



Party families woon in geïsoleerde gebiede en kan nie altyd die plaaslike tak of wyk dienste bywoon nie. Met die toestemming van die ring, distrik of sending president, kan sulke families hul Sondag eredienste by die huis hou. In gebiede waar die Kerk nie plaaslike wyke of takke het nie, het die familie die Area President se toestemming nodig.

Die vader, of ’n ander priesterskap houer mag die nagmaal voorberei en seën, mits hy waardig is, ’n priester in die Aäroniese Priesterskap is, óf die Melgisedekse Priesterskap beklee, én hy die toestemming van sy priesterskap leiers het. Enige waardige priesterskap houer mag die nagmaal aangee. Instruksies oor hoe om die nagmaal te administreer kan gevind word op bladsye 23–24 van hierdie gids.

’n Sondag erediens behoort eenvoudig, eerbiedig en waardig wees. Dit mag die volgende insluit:

1. Openings gesang
2. Openings gebed
3. Die seëning en aangee van die nagmaal
4. Een of meer van die volgende items:
   - Een of twee kort preke of geloofsbeleidenisse
   - Skriftuur lesing en bespreking deur die familie
   - ’n Les deur ’n familielid
5. ’n Afsluitings gesang
6. ’n Afsluitings gebed

Ouers behoort te strewe om die Gees van die Here te soek en te volg in die beplanning van hul Sondag erediens. Die mense van die Boek van Mormon gee 'n voorbeeld van hierdie tipe erediens; "En hulle vergaderings is gelei ... volgens die werking van die Gees, en deur die krag van die Heilige Gees; want soos die krag van die Heilige Gees hulle gelei het, hetsy om te spreek, of te vermaan, of te bid, of te versoek, of te sing, so is dit gedoen" (Morni 6:9).

Die familie moet die skrifture as hul basiese gids gebruik. Bo en behalwe dit, kan hulle ook algemene konferensie toesprake, Gospel Fundamentals, Gospel Principles, True to the Faith, For the Strength of Youth, sending pamflette, Kerk tydskrifte, en ander Kerk publikasies en oudiovisueele items gebruik.

Indien niemand in die familie die geskikte priesterskap beklee nie, mag die vader, of die moeder, die familie bymekaar roep om gesange te sing, skriflesing te hou, te bid en nader aan mekaar en ons Hemelse Vader trek. Die familie se aangewese priesterskap leier moet seker maak dat die familie ten minste wederkerend nagmaal geniet.

Ouers behoort weekdae aktiwiteite te reël, soos voetslaan uitstappies, piekniekе, goeie flieks, by familie kuier, sport, musikale programme en saam swem.

Die familie moet hulle tiendes en vasofferandes, en ander bydrae aan hul aangewese priesterskap leier gee.

Die familie hoef geen geskrewe rekord óf raport aan die Kerk te stuur nie, maar die aangewese priesterskap leier voer gereeld 'n onderhoud met die hoof van die familie en vra hom of haar om oor die familie se welsyn te raporteer. Indien dit benodig word, kan hierdie onderhoude telefonies geskied.

# Priesterskap Ordinansies en Seëninge



Priesterskap ordinansies is heilige dade gegee deur die Here en uitgevoer onder die gesag van die priesterskap. Priesterskap seëninge word onder die gesag van die priesterskap gegee vir genesing, vertroosting en aanmoediging. Broeders wat ordinansies en seëninge uitvoer moet hulsef voorberei deur die beginsels van die evangelie te lewe en te strewe om deur die Heilige Gees gelei te word. Hulle behoort elke ordinansie en seëning in 'n waardige manier uit te voer en seker maak dat die ordinansie of seëning aan die volgende voldoen; die ordinansie behoort:

1. In die Naam van Jesus Christus uitgevoer word.
2. Uitgevoer word onder die gesag van die priesterskap.
3. Uitgevoer word met al die nodige prosedures, soos om die gepaste voorafgestelde woorde te gebruik, óf om olie wat tersyde gestel is te gebruik.
4. Indien nodig, die toestemming te hê van die aangewese priesterskap leier, wat die regte gesag het.

*Ordinansies wat priesterskap leiers toestemming benodig is: die benoeming en seëning van kinders, uitvoering van die doop óf lidmaatskap konfirmasie, om priesterskap te verleen, en die verordineering tot 'n priesterskaps amp, seëning en aangee van die nagmaal, en die toewyding van dodeakkers of grafte.*

Wanneer 'n hele aantal broeders deelneem in 'n ordinansie of seëning,

plaas elkeen sy linkerhand liggies op die skouer van die broeder aan sy linker kant. Die instelling om groot hoeveelhede priesterskap houers te nooi om bystand te lewer tydens 'n seëning of verordineering, word ontmoedig.

Die ordinansie en seëning wat in hierdie seksie verduidelik word, sal vaders help om as aartsvaders op te treë in hul families.

## Benoeming en Seëning van kinders



"Elke lidmaat van die kerk van Christus wat kinders het, moet hulle voor die ouderlinge bring, wat hulle die hande moet oplê in die Naam van Jesus Christus, en hulle in Sy Naam seën" (L.&V. 20:70). In ooreenstemming met hierdie openbaring, mag net waardige mans wat beklee is met die Melgisedekse Priesterskap, deelneem in die benoeming en seëning van kinders. Die ordinansie van benoeming en seëning van 'n kind benodig die toestemming van die voorsittende gesag.

Wanneer 'n baba geseën word, vergader mans wat die Melgisedekse Priesterskap beklee, in 'n sirkel en wieg die baba in hulle hande. Wanner 'n ouer kind geseën word, plaas die broeders hulle hande sagkuns op die kind se kop. Die persoon wat die seëning uitspreek:

1. Spreek Ons Hemelse Vader aan.
2. Verklaar dat die seëning gegee word onder die gesag van die Melgisedekse Priesterskap.
3. Gee die kind 'n naam.
4. Gee 'n priesterskap seëning soos deur die Gees gelei.
5. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

## Doop



Onder die direksie van die voorsittende gesag, mag 'n priester, of 'n man wat die Melgisedekse Priesterskap beklee, 'n doop uitvoer. Om dit te doen, moet hy:

1. In die water staan saam met die persoon wat gedoop wil word.

2. Vir geriefliksheid onthalwe, en veiligheid, hou hy die persoon se regter gewrig in sy linker hand; die persoon wat gedoop gaan word, hou die linker gewrig van die persoon wat hom of haar gaan doop, met sy of haar linker hand vas.
3. Sy regter hand in die kwadraat verhef.
4. Verklaar die persoon se volle name en sê: "In opdrag van Jesus Christus doop ek u in die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. Amen" (L.&V. 20:73).
5. Vir geriefliksheid onthalwe, laat hy die persoon wat gedoop gaan word, sy neus met sy regterhand toe druk; die een wat die doopwerk doen, plaas sy regterhand hoog op die persoon se rug en dompel die persoon ten volle onder die water, insluitende die persoon se klere.
6. Help die persoon om weer uit die water uit op te kom.

Twee priesters, óf mans wat die Melgisedekse Priesterskap beklee, moet as getuie staan om te verseker dat dit korrek uitgevoer word. Die doop moet herhaal word indien die woorde nie presies gesê word soos dit geskryf staan in L.&V. 20:73, óf as enige deel van die persoon se liggaam of kledingstuk nie ten volle geonderdompel was nie. Die persoon wat die doop uitvoer, en die persoon wat gedoop word, moet wit klere dra wat nie deursigtig is wanneer dit nat is nie.

## Lidmaatskap Konfirmasie



Bekkerlinge wat nege jaar óf ouer is, en die wat agt jaar oud is, waar beide die ouers nie lede van die kerk is nie, word in 'n nagmaal diens gekonfirmeer (Sien L.&V. 20:41). Agtjariges mag onmiddelik na hul doop gekonfirmeer word in die lokaal waar hulle gedoop is, mits ten minste een van die ouers 'n lidmaat van die Kerk is, en beide ouers het toestemming gegee dat die kind gedoop mag word en konfirmasie mag ontvang. Onder die direksie van die biskop óf tak president, mag een, of meer mans, wat die Melgisedekse Priesterskap beklee, hierdie ordinansie uitvoer. Hulle plaas hulle hande sagkuns op die persoon se kop. Die een wat die ordinansie uitvoer:

1. Verklaar die persoon se volle name.

2. Verklaar dat die ordinansie onder die gesag van die Melgisedekse Priesterskap gedoen word.
3. Konfirmeer die persoon as ′n lid van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.
4. Verleen die gawe van die Heilige Gees deur te sê: "Onvang die Heilige Gees".
5. Gee ′n priesterskap seëning soos deur die Gees gelei.
6. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

## Verleen die Priesterskap en Verorden tot ′n Priesterskaps Amp



Die biskop of tak president het toesig oor die toewysing van die Aäroniese Priesterskap en die ordinansie tot ′n amp van deaken, leeraar, en priester. Voordat ′n persoon tot ′n amp in die Aäroniese Priesterskap verorden word, moet hy ′n onderhoud met sy biskop of tak president hê, en waardig gevind word. Hy moet ook geondersteun word in ′n nagmaal diens. Met die goedkering van die biskop óf tak president, mag ′n priester die Aäroniese Priesterskap verleen aan ′n ander persoon, en hom tot ′n Aäroniese Priesterskaps amp verordineer.

*Die ring, of sending president, het toesig oor die verlening van die Melgisedekse Priesterskap, en die verordinering tot die amp van ouderling en hoë priester.*

Om die priesterskap te verleen , óf om ′n persoon tot ′n spesifieke amp te verorden, moet een of meer mans, wat met die vereiste priesterskap beklee is, en wat die toestemming het van die voorsittende gesag, hulle hande sagkuns op die persoon se kop plaas. Die een wat die ordinansie uitvoer:

1. Verklaar die persoon se volle name.
2. Verklaar die gesag (Aäroniese Priesterskap óf Melgisedekse Priesterskap) waardeur die ordinansie uitgevoer word.
3. Verleen die Aäroniese Priesterskap, óf Melgisedekse Priesterskap,behalwe as dit al voorheen verleen is.
4. Verorden die persoon tot ′n amp in die Aäroniese Priesterskap, óf Melgisedekse Priesterskap, en verleen al die regte, mag en gesag met betrekking tot daardie amp.
5. Gee ′n priesterskap seëning soos deur die Gees gelei.
6. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

## Nagmaal



Die nagmaal is ʼn eiters heilige ordinansie. Deur die nagmaal te deel, verskaf dit ʼn geleentheid om die lewe, leerstellings, en soendood van Jesus Christus te onthou. Dit is ʼn tyd waartydens ons die verbond kan hernu, wat ons met die Here gesluit het ten tye van die doop (Sien Mosia 18:8–10).

Leeraars en priesters mag die nagmaal voorberei; priesters mag die seëning daaroor uitspreek; en diakens, leeraars, en priesters mag dit aangee. Broeders wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, mag die nagmaal voorberei, die seëning daaroor uitspreek, en dit aangee, maar normaalweg sal dit nét gebeur as daar nie genoeg Aäroniese Priesterskap houers beskikbaar is nie. Indien ʼn persoon ʼn ernstige oortreding gemaak het, moet hy nié die nagmaal voorberei, die seëning uitspreek óf dit aangee nie, alvorens hy tot inkeer kom en die saak met sy biskop of tak president uitstruik nie.

Diegene wat die nagmaal voorberei, seën en aangee, administreer hierdie ordinansie aan ander namens die Here. Elke een wat met die priesterskap beklee is, moet hierdie opdrag met ʼn plegtige en eerbiedige houding uitvoer. Hy moet homself goed versorg, skoon hou en beskeie aantrek. Sy persoonlike voorkoms moet die heiligheid van die ordinansie reflekteer.

Broeders wat die nagmaal voorberei, moet dit gereed hê voordat die diens begin. Hulle plaas ongebroke snye brood in skoon broodbordjies en berei skinkborde voor met klein glasies daarop, wat met vars water gevul is, en plaas hierdie items op die nagmaal tafel. Hulle bedek dan die brood en die water met ʼn skoon, ondeursigtige, wit tafeldoek.

Gedurende die nagmaal gesang verwyder diegene by die nagmaal tafel, die tafeldoek wat die brood bedek, en breek die brood in klein porsies. Na die gesang, kniel die persoon wat die seëning oor die brood gaan uitspreek, en spreek die nagmaal seëning uit oor die nagmaal brood, Broeders gee dan die brood aan almal teenwoordig in ʼn eerbiedige en geordende wyse. Die voorsittende gesag ten tye van die diens, ontvang die nagmaal eerste. Nadat almal wat teenwoordig is, ʼn geleentheid gehad het om van die brood te neem, neem diegene wat dit aangegee het, die broodbordjies terug na die nagmaal tafel. Diegene wat die nagmaal seëning uitspreek, bedek die broodbordjies direk nadat dit neergesit is op die tafel.

Diegene by die nagmaal tafel verwyder die tafeldoek, wat die skinkborde

met die waterglasies bevat, bedek. Die persoon wat die seëning uitspreek oor die water, kniel by die tafel en offer die seëning op vir die nagmaal water. Broeders gee dan die water aan almal teenwoordig. Nadat almal 'n geleentheid gehad het om van die water te neem, word die skinkborde terug geneem na die nagmaal tafel, en diegene by die tafel bedek die skinkborde weer met die tafeldoek. Die broeders wat die seëning en aangee behartig het, neem weer hul sitplekke te midde van die ander lidmate in.

Die nagmaal is vir alle Kerk lede, insluitende die kinders. Die persoon wat die diens bestuur moet glad nie afkondig dat die nagmaal nou slégs aan lede van die Kerk aangegee gaan word nie. Níks moet gedoen word om nie-lede te verhinder om die nagmaal te neem nie.

Die nagmaal gebede moet duidelik, akkuraat en met waardigheid gesê word. Indien die persoon wat die seëning uitspreek oor die nagmaal, 'n fout maak met die bewoording van die gebede, en hy korregeer homself nie, moet die biskop, of die tak president hom vra om die gebed te herhaal sonder om 'n fout te maak.

Die seëning op die brood volg:

"O God die Ewige Vader, ons vra U in die Naam van U Seun, Jesus Christus, om hierdie brood te seën en te heilig aan die gene wat daarvan gebruik: dat hulle dit mag doen ter gedagtenis aan die liggaam van U Seun, en voor U, O God, die Ewige Vader, mag getuig dat hulle gewillig is om die Naam van U Seun aan te neem, en Hom altyd in gedagtenis te hou, en Sy gebooie wat Hy aan hulle gegee het, te bewaar, sodat hulle altyd Sy Gees met hulle mag hê, Amen" (L.&V. 20:77 en Moroni 4).

Die seëning op die water volg:

"O God die Ewige Vader, ons vra U, in die Naam van U Seun, Jesus Christus, om hierdie water te seën en te heilig aan die siele van al diegene wat daarvan drink, dat hulle dit mag doen ter gedagtenis aan die bloed van U Seun, wat vir hulle gestort is; dat hulle voor U mag getuig, O God, die Ewige Vader, dat hulle Hom altyd in gedagtenis hou, sodat hulle Sy gees met hulle mag hê, Amen" (L.&V. 20:79 en Moroni 5).

Die nagmaal moet so gou moontlik ná die diens verwyder word. Enige brood wat oorbly mag vir voedsel gebruik word.

*Om 'n seëning uit te spreek oor die nagmaal, en aan te gee, benodig die toestemming van die voorsittende gesag.*

## Toewy van Olie

Een of meer mans wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, kan suiwer olyf olie toewy vir die heilige doel om die siekes en die getuisterdes te salf. Die een wat die olie toewy:

1. Hou die oop houer met olyf olie.

2. Spreek Hemelse Vader aan.

3. Verklaar dat die seëning onder die gesag van die Melgisedekse Priesterskap gedoen word.
4. Wy die olie toe (nie die houer nie) en stel dit tersyde vir die salwing van die siekes en getuisterdes.
5. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.



## Bediening aan die Siekes

Slegs mans wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, mag aan die siekes of getuisterdes bedien. Normaalweg bedien twee of meer broeders saam, maar een broeder mag dit alleen doen. Indien die olie nie beskikbaar is wat tersyde gestel is nie, mag 'n man wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, 'n seëning gee deur die magtiging van die priesterskap.

'n Vader wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, behoort aan lede van sy familie wat siek is, seëninge te verskaf. Hy mag 'n ander man wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, vra om hom by te staan.

Bediening aan die siekes is tweevoudig: (1) Salwing met olie en (2) verseëling van die salwing.

### Salwing met Olie

Een man wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, salf die persoon wat siek is. Om dit te doen:

1. Plaas hy 'n druppel tersydegestelde-olie op die persoon se kop.
2. Plaas sy hande sagkuns op die persoon se kop en spreek die persoon aan met sy volle name.
3. Verklaar dat hy die salwing doen onder die magtiging van die Melgisedekse Priesterskap.
4. Verklaar dat die salwing gedoen word met olie wat tersyde gestel is vir die salwing en seëning van die siek en getuisterdes.
5. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

### Verseëling van die Salwing

Normaalweg sal twee of meer mans wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, hul hande sagkuns op die kop van die persoon wat siek is plaas. Een van die mans verseel die salwing. Om dit te doen:

1. Spreek hy die persoon aan met sy volle name.
2. Verklaar dat hy die salwing verseël deur die magtiging van die Melgisedekse Priesterskap.
3. Spreek 'n seëning uit soos gelei deur die Gees.

4. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

## ’n Vader’s Seëning en Ander Seëninge van Vertroosting en Raadgewing



’n Vader’s Seëning en ander Pristerskap seëninge word gegee om leiding en vertroosting te gee soos deur die Gees gelei.

’n Vader wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is mag vader’s seëninge aan sy kinders gee. Sulke seëninge kan baie behulpsaam wees vir kinders wat weg gaan van die huis af, om byvoorbeeld skool by te woon, of om op ’n sending te gaan, of om te begin werk, te trou, militêre diensplig te voltooi, of wanneer hulle besonderse persoonlike uitdagings in die gesig staar. Hierdie tipe seëninge kan ’n bron van krag vir die familie wees. ’n Familie mag ’n skriftelike rekord hou van vader’s seëninge, maar dit word nie in die Kerk argiewe bewaar nie. Ouers behoort kinders aan te moedig om vader’s seëninge aan te vra in tye van nood.

Waardige mans wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, kan ook seëninge van vertroosting en raadgewing aan hul vroue, bloedverwante, en ander mense gee wat een aanvra.

Om ’n vader’s seëning, of ’n seëning van vertroosting en raadgewing te gee, plaas ’n man, of meer as een waardige man wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is, hul hande sagkuns op die kop van die persoon wat die seëning gaan ontvang. Geen olie word vir hierdie tipe seëning benodig nie. Die een wat die seëning uitspreek:

1. Spreek die persoon aan en gebruik die persoon se volle name.
2. Verklaar dat die seëning gedoen word deur die magtiging van die Melgisedekse Priesterskap.
3. Gee ’n seëning soos deur die Gees gelei.
4. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

## Toewyding van Grafte

’n Persoon wat die graf toewy, moet met die Melgisedekse Priesterskap beklee wees, en moet die toestemming hê van, en aangewys wees deur, die persoon wat die diens bestuur.

Om die graf toe te wy:

1. Spreek hy ons Hemelse Vader aan.

2. Verklaar dat hy die graf toewy deur die magtiging van die Melgisedekse Priesterskap.
3. Wy die graf toe en sit die dodeakker tersyde as ʼn rusplek vir die liggaam van die oorledene.
4. Waar dit gepas is, bid hy dat die dodeakker geheilig en beskerm sal word tot en met die opstanding.
5. Vra die Here om die familie te vertroos, en uiter ander gedagtes soos wat hy deur die Gees gelei word.
6. Sluit af in die Naam van Jesus Christus, Amen.

Indien die familie dit sou verkies, kan ʼn persoon (verkieslik ʼn man wat met die Melgisedekse Priesterskap beklee is) ʼn gebed by die graf sê instede van ʼn toewyding seëning.

# Verkryging en Opsporing van Kerk Materiaal en Familie Geskiedenis Informasie

Plaaslike leiers, en ander lede, mag Kerk materiaal, insluitende skrifture, studie kursusse, Kerk tydskrifte, tempel kleding(garment) en tempel klere van hulle plaaslike distribusie sentrum, of diens sentrum, vanaf Salt Lake Distribution Centre, of deur die Kerk se offisiële Internet webwerf, wat te vinde is by www.lds.org , verkry.

Informasie aangaande familie geskiedenis is beskikbaar op die Kerk se familie geskiedenis internet webwerf, te vinde by www.new.familysearch.org/ .

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES
VAN DIE LAASTE
DAE

AFRIKAANS
4 02311 80501 3
31180 501